**Dinsdag 20 September**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:12, 13**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:12, 13**

## ’n Mooi belydenis!

Wat is ’n mooi belydenis? Is dit indrukwekkende woorde en welsprekende retoriek? Is dit ’n uitspraak wat bloot mooiklinkend is? Dis baie meer! Dit is ’n belydenis wat *guts* vat! Dit vat geloofsmoed! Hier is twee voorbeelde in die Skrifgedeelte.

Die eerste is die belydenis van Christus Self. Dit is voor Pontius Pilatus uitgespreek. Die situasie was vyandig. Almal was teen Jesus – en teen God se plan – ook teen God se gesag. In hierdie opponerende klimaat het Jesus die gesag van sy Vader bely. Hy het gesê: “U sou geen gesag oor My gehad het as dit nie van Bo aan u gegee was nie” (Joh. 19:11). Dit was ’n mooi belydenis. Dit getuig van ’n onverskrokkenheid – om nie bang vir persoonlike aanvalle en eie ongewildheid te wees nie. Sien jy hiervoor kans? Hoeveel mooi belydenisse het al uit jou mond gekom? Ons Meester stel vir ons hierin ’n voorbeeld.

Ook Timoteus het hierdie voorbeeld gestel. Hy het saam met sy ouers in die dorpie Listra gewoon. Daar het Paulus hom raakgeloop. Dit was die begin van die tweede sendingreis. Paulus het vir Timoteus op hierdie reis saamgeneem. Dit het daartoe gelei dat Timoteus later die leraar van die gemeente in Efese geword het. Alles het begin met ’n mooi belydenis van Timoteus toe hy besny is. Ook hierdie belydenis is uitgespreek in ’n dorp waar die evangelie nie eintlik welkom was nie. Dit was binne ’n klimaat van wantrouige vyandigheid. Dit het Timoteus nie afgesit nie.

Wie aan Christus behoort, is nie bang om te bely dat Hy jou Koning is nie. Hy gee jou die moed deur die werk van sy Gees. Hoeveel sulke mooi belydenisse is deel van jou lewensverhaal?

*Sing: Psalm 45:1 (1936)*

*Dr. SF (Francois) Kruger (Middelburg-Noord)*